basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

DRAMATIESE KUNSTE

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 41 bladsye en 2 bylaes.

Kopiereg voorbehou

ALGEMENE AANTEKENINGE VIR INTERNE MODERATOR, DIE HOOFNASIENER EN NASIENERS

1. Die doel van assesserings-/eksamenprosesse is nie net om die 'memorisering' van kennis wat onderrig en geleer is, te bepaal nie, maar ook om die kompleksiteit van die denkproses wat die kandidaat toepas op die kennis wat uit die geheue herwin is, te bepaal.
2. Die instrument wat gebruik word om hierdie twee komponente te assesseer, is Anderson en Krathwohl se Hersiene Bloom se Taksonomie ('Revised Bloom's Taxonomy'). Hierdie taksonomie is ontwerp om die volgende te meet:
   - 6 kognitiewe moeilikheidsvlakke
   - 4 denkprosesse van kompleksiteit
3. Nasieners:
   - Gebruik die eerste dag om die kwaliteit en hoeveelheid bewyse in die nasienriglyne uiteen te sit.
   - Vind algemene definisies en begrippe.
   - Assimileer en standaardiseer die:
     - Verwagte antwoorde op elke vraag van die kandidate
     - Kognitiewe moeilikheidsvlak wat vereis word van die kandidaat
     - Tipe denkproses en -kompleksiteit wat van die kandidaat verwag word
     - Aksiewerkwoorde wat gebruik word by elk van die kognitiewe vlakke en die tipes bewyse vereis (feite, konsepte, prosesse en denke)
   - Maak 'n duidelike regmerkie langs die kognitiewe vlak/denkproses van kompleksiteit/konsep/inhoud/vaardigheid/kennisaspek wat vereis word wanneer 'n punt toegeken word.
   - Nuwe of onervare nasiener moet deur óf die Hoofnasiener óf die Interne Moderator gemodereer word.
   - Dit is die rol van die Interne Moderators en die Hoofnasiener om punte opwaarts of afwaarts aan te pas, om te verseker dat die korrekte, regverdige, geldige en betroubare punte toegeken word.
   - Dramatiese Kunste is nie 'n empiriese vak met net een korrekte antwoord nie.
   - Alle nasieners moet voortdurend opleiding gedurende die nasienproses ontvang.
   - Die Dramatiese Kunste-vraestel bevat vrae wat vereis dat die kandidate hulle eie menings of ervaringe moet verskaf, en oorspronklike of kreatiewe denke moet toepas.
   - Sien holisties na en aanvaar korrekte antwoorde wat nie in die nasienriglyne is nie.
   - Raak aktief betrokke by die antwoord.
   - Verwys na die rubrieke aan die einde van die nasienriglyne om te verseker dat nasien regverdig, geldig en betroubaar is en aan duidelike kriteria gemeet word.
   - Die toleransiereeks ('Tolerance Range') vir Dramatiese Kunste is 5% van die 150 punt-vraestel. Dit beteken 7 punte vir die totale vraestel.
   - Nasieners moet seker maak dat die kandidate se antwoorde ooreenstem met die *KABV*-dokument se Breë Onderwerpe en Onderwerpe vir graad 10/11/12 (konsepte, vaardighede en kennis) en met die spesifieke vraag se vereistes.

STANDAARDISERING VAN NASIEN IN AL DIE PROVINSIES

Nasien van Opstel- en Antwoordvrae

Die hoofnasiener in elke provinsie moet die paradigma verstaan waaruit die vrae en die bygaande nasienriglyne ontwerp en opgestel is:

1. **Itemmoeilikheidsgraad (Vraag/Item):**
   Hoe kompleks/moeilik is die ontwerp van die werklike vraag/item self?
2. **Taakmoeilikheidsgraad:**
   Wat is die kompleksiteit/moeilikheidsgraad van die kognitiewe vlak en denkproses wat van die kandidaat verwag word?
3. **Stimulusmoeilikheidsgraad (Bron):**
   Hoe kompleks/moeilik of maklik is dit om die bron, en die inligting in die bron, te vertaan, lees, interpreteer en toe te pas?
4. **Verwagte moeilikheidsgraad van die antwoord (Nasienriglyne):**
   Wat is die hoeveelheid/aantal (hoeveel) en gehalte/kwaliteit (hoe goed) van die verwagte antwoord wat van die kandidaat vereis word, soos in die nasienriglyne gegee?
   Stem dit ooreen met die item, taak en stimulus?
   Is die punte toepaslik geweeg en toegeken?
   Is die puntetoekenning duidelik identifiseerbaar of bepaalbaar?

– Leong: 2002

Wanneer nasieners aan die begin van die nasienproses opgelei word moet die hoofnasiener in elke provinsie die volgende prosedure volg:

- Maak seker daar is standaardisering van die puntetoekenning van kandidate se antwoorde en reaksies vir elke deel van die eksamen.
- Standaardiseer nasionale nasienprosedures, prosesse en uitslae.
- Volg die volgende prosedure:
  - Lees die vraag en bepaal die vlak van kompleksiteit en moeilikheidsgraad van die ontwerp van die vraag: lae, middel of hoë vlak.
  - Lees die taak en bepaal watter inhoud van die kandidaat vereis word om die vraag te antwoord. Som die inhoud op.
  - Deel nie net die aantal (kwantiteit) bewyse nie, maar ook die gehalte van die bewyse (hoe goed).

  Fasiliteer die opleiding van die nasiener m.b.t. die nasienriglyne en die rubrieke:
  - Hersien die rubriek met betrekking tot die item en die taak.
  - Hersien die prosedures vir die toeken van holistiese punte (d.i. deur bewyse van die antwoord by die kriteria van die rubriek te pas en alle elemente ewe veel te laat weeg).

  Oefen om individueel na te sien:
  - Sien 'n stel oefenskrifte na.
  - Nasieners moet die skrifte onafhanklik nasien.

Die hoofnasiener/interne moderator moet die nasieners se punte aanteken en die bespreking lei. (Opleidingskrifte moet punte en kommentaar bevat.)

AFDELING A: 20ste-EEUSE EUROPESE TEATERBEWEGINGS

VRAAG 1

Die kandidaat moet:

- Hierdie vraag in die vorm van 'n opstel beantwoord
- Verwys na die toneelteks wat bestudeer is
- Enige een van die drie Teaterbewegings binne die konteks van die vereistes van die vraag en die bron toepas:
  - Teater van die Absurde OF
  - Epiese Teater OF
  - Postmoderne Teater
- Toon dat die vraag en bron verstaan, ontleed, toegepas, geëvalueer en in hulle opstel geïntegreer is
- Gekonstrueerde en gememoriseerde kennis in 'n bespreking kontekstualiseer, wat feitelike, kontekstuele, prosedurele en metakognitiewe denke toon
- Kreatiwiteit in die toepassing van die eise van die vraag demonstreer

Nasieners moet die volgende in ag neem:

- Kandidate moet demonstreer dat hulle die bostaande verstaan en krities ontleed en in hulle opstel toegepas het.
- Indien die antwoord nie in opstelformaat aangebied word nie, moet die nasiener die leerder se denkproses, kwaliteit van argument en gebruik van relevante voorbeelde assesseer wanneer die punt bepaal word. So 'n antwoord mag egter nie meer as 60% (18 punte) toegeken word nie.
- Die rubriek is 'n gids vir die nasiener om die volgende te assesseer:
  - **Kognitiewe vlakke** (onthou, verstaan, toepas, analiseer, evalueer en skep)
  - **Kompleksiteitsvlak van denke** wat deur die kandidaat getoon word (feitelik, konseptueel, prosedureel, metakognitief)
- Al die vrae se vlakke, elemente en instruksies moet in ag geneem word wanneer die opstel nagesien word.
- Om 'n billike, geldige en betroubare punt toe te ken, moet nasieners bevoeg wees in die betekenis en toepassing van Anderson en Krathwohl se Hersiene Bloom se Taksonomie, asook die ontwerp, doel, gebruik en toepassing van 'n rubriek:
  - Kriteria (vaardighede, kennis, konsepte, tegnieke en inhoud)
  - Vlakbeskrywers (laag, middel en hoog)
  - Woordbeskrywers
  - Aksiewerkwoorde
  - Kognitiewe vlakke
  - Denkprosesse
- Nasieners moet streng opgelei word oor hoe om al ses die kognitiewe vlakke, asook die vier denkprosesse te identifiseer, te gebruik en toe te pas om kandidate se prestasies te meet.

Prestasievlak	Punte	Bloom se Vlak	Denkproses	Argument & Bespreking	Gebruik van Dramateks, Teaterbeweging & Bronne
Uitstaande	27–30	Skep	Skep oorspronklike, insiggewende en kritiese antwoorde. Toon onafhanklike en reflektiewe denke.	Gesofistikeerde, oorspronklike argument wat deurgaans in die opstel volgehou word. Uitstekende kritiese betrokkenheid.	Uitstekende integrasie van relevante voorbeelde uit die drama en teaterbeweging. Voorbeelde is doelgerig en insiggewend.
Uitstekend	24–26	Evalueer	Evalueer idees krities en deurdag. Toon sterk reflektiewe denke.	Duidelike, goed gestruktureerde argument met sterk kritiese analise.	Baie goeie gebruik van relevante voorbeelde uit die drama en teaterbeweging. Bronne ondersteun die bespreking doeltreffend.
Verdienstelik	21–23	Analiseer	Ontleed konsepte en verwantskappe doeltreffend.	Logiese argument met goeie analise en interpretasie.	Goeie gebruik van voorbeelde uit die dramateks en teaterbeweging om idees te ondersteun.
Beduidend	18–20	Pas toe	Pas kennis en konsepte toepaslik toe.	Relevante argument met 'n mate van analise en verduideliking.	Gepaste voorbeelde uit die drama en teaterbeweging word ingesluit.
Voldoende	15–17	Verstaan	Verduidelik en interpreteer idees op 'n basiese vlak.	Eenvoudige argument wat begrip van die onderwerp toon.	Gebruik algemene voorbeelde uit die dramateks, hoewel dit nie altyd ten volle relevant is nie.
Matig	12–14	Verstaan	Beskryf en verduidelik basiese konsepte.	Beperkte bespreking met ongelyke struktuur en ontwikkeling.	Min relevante voorbeelde uit die drama of teaterbeweging.
Elementêr	9–11	Onthou	Identifiseer en herroep basiese inligting.	Basiese stellings met min ontwikkeling of analise.	Minimale gebruik van voorbeelde uit die dramateks of teaterbeweging.
Beperkte Prestasie	6–8	Onthou	Toon beperkte feitelike kennis.	Swak of onduidelike antwoord met geïsoleerde feite.	Baie beperkte verwysing na die dramateks of teaterbeweging.
Nie Bereik Nie	0–5	Onder Basies	Toon min of geen begrip nie.	Geen duidelike argument of betekenisvolle bespreking nie.	Min of geen relevante inhoud.

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994

Die kandidaat moet slegs EEN vraag in die afdeling beantwoord (VRAAG 2 OF 3 OF 4)

VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

2.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip van die titel van die toneel demonstreer.

Ken volpunte toe:
- Een stelling wat goed verduidelik is OF
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon het *Woza Albert!* as die titel van die toneelstuk gekies, omdat:
- Die titel na Albert Lethuli verwys, wat 'n Nobelprys vir Vrede gewen het, en wat opgestaan het vir die onderdruktes in die gemeenskap en sodoende het hy teen die sosiaal-politiese en ekonomiese onregte geprotesteer
- Die titel beteken 'Staan Op Albert!', wat gepas is want dit het die gehore geïnspireer om 'op te staan' teen apartheid
- Aan die einde van die toneelstuk, wek Morena die vryheidstrydhelde uit hulle grafte op as 'n simbool van bewusmaking en 'n emosionele reaksie van die gehore te verkry om teen apartheid te protesteer wanneer hulle die teater verlaat
- Dit verwys na Albert Straat waar die swartmense kon aansoek doen vir hulle pasboeke
- Die uitroepteken wat die dringendheid aandui (2)

2.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip van die stappe/fases wat gebruik is deur Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon om *Woza Albert!* te werkswinkel, demonstreer.

Die volgende is 'n riglyn:
Ken volpunte toe vir:
- Ses stappe wat goed bespreek is

Die volgende is 'n gids:
Die stappe/fases wat deur Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon gebruik is om *Woza Albert! t*e werkswinkel:
'n Idee/boodskap:
- Die skeppers van die toneelstuk het 'n dinkskrum gehou en die idee van 'wat sal gebeur as Morena terugkeer na apartheid Suid-Afrika' gekies

Navorsing en observasie:
- Mense in Soweto was geobserveer en mee onderhoude gevoer, bv. by Dube Stasie, in die markte, 'n haarkapper wat in die opelug werk, ens.
- Die skeppers het ook Grotowski se Arm Teater bestudeer, bv. hulle het Grotowski se beginsels in hulle toneelstuk toegepas

Improvisasie:
- Die skeppers het van improvisasie oefenings en aktiwiteite gebruik gemaak om met verskeie idees en opvoermaniere te eksperimenteer. Deur

improvisasie het hulle die karakters en die omstandighede ondersoek en verstaan wat hulle in hulle navorsing en observasie tee gekom het
- Die skeppers het Grotowski se beginsels van Arm Teater in hulle opvoerstyl toegepas, bv. die gebruik van minimale rekwisiete, fisieke teater en ideofone, ens.

Bewerk/selekteer:
- Die groep het die werkswinkel tonele wat nie gepas is nie uitgelos in die selektering proses. Slegs die mees gepaste en relevante tonele is gekies om die toneel te skep

Repetisies:
- Die akteurs het repeteer en die opvoering goed afgewerk/verfyn

Optrede en aantekeninge/opname:
- Die finale tonele was opgevoer as 'n toneelstuk en die toneelstuk is neergeskryf/aangeteken/opgeneem (6)

2.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip van hoe fisiese en/of vokale karakterisering gebruik is om EEN gewone Suide-Afrikaanse karakter uit te beeld, demonstreer

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed beskrywende stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n gids:
Een gewone karakter mag dalk insluit, bv.:
Aunty Dudu:
Fisiese karakterisering:
- Die krom postuur van Aunty Dudu kan vooroorgeboë wees om aan te dui dat sy oud is
- Bewegings kan stadig wees as gevolg van haar ouderdom en postuur
- Aunty Dudu kan die grou in die asblikke, opsoek na kos, mimies uitbeeld

Vokale karakterisering:
- Die akteur verander sy natuurlike stem om die karakter van 'n ou vrou te vertolk
- Spraak kan stadig wee om ouderdom en moegheid uit te beeld (4)

2.4 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise van hoekom die stelling 'wat sal gebeur as Morena terugkeer na 'n apartheid Suid-Afrika' 'n goeie idee kan wees vir 'n toneelstuk, demonstreer

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Die stelling 'wat sal gebeur as Morena moes terugkeer na apartheid Suid-Afrika' is 'n goeie idee vir 'n protes toneelstuk, omdat Morena:
- Hoop vir 'n beter toekoms vir die mense wat deur die apartheidsregering onderdruk is verteenwoordig, bv. die eerste tonele van die toneelstuk verteenwoordig die individue se hoop en drome, bv. Aunty Dudu wat wens vir goeie kos in die asblikke van die witmense, as Morena sou terugkeer, sal daar partytjies wees en Morena sal die haarkapper se begeerte

bewaarheid deur vir hom 'n haarkappery met wit teëls op die mure en kliente met groot hare te voorsien
- Gelykheid vir alle Suid-Afrikaners, ongeag wat hulle ras, kulturele, opvoedkundige of ekonomiese agtergrond, aanmoedig, bv. Morena sê gooi weg julle pasboeke en volg hom na Soweto
- Kan help om die swak werksomstandighede van die onderdruktes te verbeter, want Morena word beskou as die verlosser van die arm mense en onderdruktes, bv. die Coronation Brickyard-toneel waar Bobbejaan en Zuluboy hulle onregverdige werkomstandighede en die ongelykheid tussen die ryk en die arm deel, bv. wit Afrikaanse kliente bly in groot huise en hulle bly in blikke soos sardientjies
- Moedig basiese menseregte aan vir almal, nie net vir 'n gekose klomp nie. Hy behandel almal gelyk en regverdig. (4)

2.5.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip van die gebeure in die gekose toneel demonstreer.

Ken volpunte toe vir:
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
'n Toneel in *Woza Albert!* kan die openingstoneel insluit. bv.:
- Die toneel word geopen met die akteurs wat 'n jazz-groep word
- Dit word dan 'n gesprek tussen 'n wit polisieman en een van die jazz-musikante
- Die jazz-musikant word deur die wit polisieman beveel om sy pasboek te wys
- Die polisieman kyk na sy pasboek, word die jazz-musikant gearresteer en na Modder B-tronk geneem omdat die pasboek nie reg was nie (4)

2.5.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip van hoe humor geskep is in die toneel wat die kandidate gekies het, demonstreer

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed verduidelikte stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Humor is geskep in die toneel, bv.:
Openingstoneel:
- Die gebruik van die pienk neus om 'n wit polisieman te simboliseer/vertolk is snaaks en 'n voorbeeld van satire oor witmense deur die neuse te beklemtoon asof hulle hansworse is. Die oordrewe posture, gebare, aksent en toon wat gebruik word deur die akteur om die wit polisieman te vertolk is komieklik omdat dit 'n karikatuur is van witmense wat ander rasse verkleineer, behandel as minderwaardig en onderdruk, bv. die wit polisieman sê vir die jazz musikant 'go back to the bush with the baboons'.
- Die gebare, postuur en toon van die jazz musikant is snaaks wanneer hy probeer ontsnap van die wit polisieman. Hy probeer ontsnap, dit gaan ongesiene dan kruip hy stadig agteruit

Die Haarkapper-toneel:

- Die haarkapper se onkundige gebruik van die term om die regsgraad te beskryf, is komieklik wanneer hy verduidelik dat sy dogter by die universiteit aangesluit is en besig is met haar LLB, hy sê 'she is doing LLLLLB. I don't know, it's some very high standard'
- Die haarkapper en kliënt se reaksies is humoristies. Die intensiteit van die bewegings terwyl die haarkapper die haarknipper gebruik, kontrasteer met die kliënt se oordrewe en senuweeagtige reaksie op die sny van sy hare, deur te wriemel en sy kop weg te trek van die knipper is snaaks om te aanskou (4)

2.5.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise van hoe die wreedheid van apartheid in die toneel uitgelig word, demonstreer.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed geanaliseerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

'n Analise van hoe die wreedheid van apartheid uitgelig word in toneel word gewys deur:

Openingstoneel:

- Die wreedheid van die pasboek sisteem wat geskep is om beheer toe te pas en die vryheid van beweging van swart mense te beperk
- Dit is die toneel waar die musikant aangespreek word deur die wit polisieman wat daarop aandring om sy pasboek te sien. Gedurende apartheid was dit van swart mense verwag om pasboeke (dompas) ten alle tye saam hulle te dra. Dit was 'n partydige wet wat net op die swartbevolking toegepas is en was as 'n geleentheid gebruik om geweld uit te deel aan die wat nie hulle pasboeke by hulle gedra het nie, wat sou lei tot arrestasie en detensie sonder 'n verhoor
- Om 'n pasboek te bekom was 'n langdradige ervaring want mense moes in lang rye wag vir dae lank. Die pasboeke was tydelik en dit was verwag van mense om hulle gereeld te hernu, bv. a six-month special

Toneel 11:

- Die wreedheid van die gewelddadige/gedwonge verskuiwings is duidelik sigbaar in die haarkapper toneel. Die haarkapper moet buite werk omdat sy winkel vernietig is deur die gedwonge verskuiwings
- Gedwonge verskuiwings het die lewens verwoes van die wat geaffekteer is deur die wrede aksie van die apartheidswetgewing om die land te neem van die wat daar werk
- Die onregverdigheid en wreedheid van die Bantoe-onderwysstelsel is uitgelig. Dis 'n ongelyke sisteem wat negatief partydig teen die massas was. Dit het minderwaardige onderwys aan swart mense verskaf, terwyl wit mense kwaliteit onderwys ontvang het

- Die Bantoe-onderwysstelsel het gepoog om swart mense in 'n ondergeskikte posisie te hou deur ongelykheid in die kwaliteit en vakmateriaal van die kurrikulum en die onderrigtaal wat Afrikaans was, 'n taal wat nie die huistaal was van die wat dit moes leer en in die studeer nie

(6)

2.6 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk toe te lig.

Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat bespreek hoe *Woza Albert!* 'die uithouvermoë (krag) van die mense vier' en dit 'steeds een van Suid-Afrika se belangrikste toneelstukke' bly

Die volgende is 'n riglyn:
***Woza Albert! kan die uithouvermoë (krag) van die mense vier en as een van die belangrikste toneelstukke in Suid-Afrika bly, omdat*:**

- Die toneelstuk dokumenteer die teëspoed van die onderdruktes en die uithouvermoë van die mense. Dit wys hoe mense geleef het met die geloof dat dinge vir die beter sal verander. Mense met wie in die strate onderhoude gevoer is, glo in die wederkoms van Morena om hulle te kom red van hulle teëspoed want hulle het geglo dat Morena die mag gehad het om hulle armoedige, werkloosheid, hongersnood en onderdrukking te kan verander
- Dit weerspieël die lewens en worstelinge van die onderdruktes in Suid-Afrika en is daarom katarties in die weerspieëling van die lewens van baie gehoorlede wie moontlik soortgelyke worstelinge ervaar het, en sodoende vir die stemlose 'n stem gee, die onderdrukte en ontburgerde (stemreg ontneem) populasie van Suid-Afrika
- Dit het die gehoorlede van hulle regte geleer
- Dit het die kwessies of ervaringe van die onderdrukte Suid-Afrikaners aan die res van die wêreld gekommunikeer. Die inligting was gesensor deur die Suid-Afrikaanse regering gedurende daardie tydperk
- Dit het mense teen apartheid verenig. 'n Sisteem wat wreed en vernederend teenoor swart mense was
- Dit het bewussyn onder die mense van Suid-Afrika oor die onmenslikheid en onderdrukking van die Suid-Afrikaanse regering geskep. Hierdie bewussyn het solidariteit onder dié wat onderdruk is, geskep, en het protesaksie teen die kwessies aangehits
- Die toneel is steeds relevant vir vandag se gehore omdat dit ons leer wat gebeur het gedurende die apartheidsera, en die boodskappe van die toneelstuk is steeds relevant a.g.v. dieselfde kwessies (ongelykheid, diskriminasie, armoede, ens.) te reflekteer wat steeds sigbaar is in ons samelewing
- Die toneel herinner ons aan die gruweldade van apartheid, bv. diskriminasie, rassisme, polisie geweld. Dit dien as 'n waarskuwing aan die samelewing om nie dieselfde foute te herhaal nie
- Dit het internasionale regerings gemobiliseer deur bewustheid te skep van die ongeregtigheid wat ervaar word in apartheid-Suid-Afrika en het gelei na organisasies wat Suid-Afrika geboikot het
- Dit het die rol as 'n niegewelddadige instrument vir verandering in Suid-Afrika gespeel

(10)
[40]

VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

3.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip van die titel van die toneel demonstreer.

Ken volpunte toe vir:
- Een goeie verduidelikte stelling OF
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Junction Avenue Theatre Company het *Sophiatown* gekies as die titel vir die toneelstuk omdat:
- Die toneelstuk vertel die verhaal van Sophiatown, 'n township in Johannesburg, wat vernietig is deur gedwonge verskuiwings
- Sophiatown was 'n voorbeeld van baie ander townships wat 'n soortgelyke lot ervaar het
- Sophiatown is 'n simbool van hoe alle kulture in harmonie en vrede saamgeleef het en dit 'n kontras van hoe die samelewing geskei was in apartheid (2)

3.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip, analise en toepassing van die werkswinkelproses, wat deur Junction Avenue Theatre Company vir *Sophiatown* gebruik is, demonstreer.

Die volgende is 'n riglyn:
Ken volpunte toe vir:
- Ses stappe wat goed bespreek is

Die volgende is 'n riglyn:
Die stappe wat deur Junction Avenue Theatre Company gebruik is in die werkswinkelproses vir *Sophiatown*, sluit in:
'n Idee/boodskap:
- Twee jong mense het, as 'n grap, gevra wat sou gebeur as 'n wit meisie in Sophiatown sou kom bly

Navorsing en observasie:
- Daar is onderhoude gevoer met mense wat in Sophiatown gewoon het
- Hulle het ou artikels, koerante en tydskrifte in die argiewe gaan navors

Improvisasie:
- Die skeppers het improvisasieoefenings en aktiwiteite gebruik om met verskeie idees en opvoermaniere eksperimenteer. Deur improvisasie het hulle die karakters en die omstandighede ondersoek en verstaan wat hulle in hulle navorsing en observasie teëgekom het

Bewerk/selekteer:
- Die regisseur, Malcolm Purkey, het tonele wat nie gepas was nie, uitgelaat in die selektering/bewerking. Slegs die mees gepaste en relevante tonele is geselekteer om die toneelstuk te skep. Dit was 'n regisserende aanslag, en nie 'n samewerkende aanslag nie

Repetisies:
- Die akteurs het repeteer en die opvoering verfyn/goed afgewerk

Optrede en aantekeninge/opname:
- Die finale tonele is as 'n toneelstuk opgevoer en die toneelstuk is neergepen/aangeteken/opgeneem (6)

3.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip van gepaste kostuums vir enige DRIE karakters toon.

Ken volpunte toe vir:
- Een goed gemotiveerde stelling vir elke karakter OF
- Twee aparte gedagtes/idees vir elke karakter

Die volgende is 'n riglyn:
Gepaste kostuums vir die karakters kan insluit, bv.:
Jakes:
- Kan formele klere dra, bv. formele broek, hemp, formele skoene en hoed, want hy streef daarna om soos 'n geleerde persoon voor te kom
- Is 'n BA-intellektueel wat as 'n joernalis vir *Drum*-tydskrif werk. Hy wil professioneel lyk om onderhoude te voer en sy kostuum sal dit weerspieël
- Die styl van sy kostuum moet die werksklere weerspieël van sy werkgewer, want *Drum*-tydskrif was 'n populêre en aspirerende tydskrif wat die lewens van mense deur foto's en inhoud van die tydskrif weerspieël het. Die klere was stylvol

Mingus:
- Kan 'n formele kostuum dra, bv. formele broek, hemp, kleurbaadjie, Florsheim-skoene, das en 'n Bostonian-hoed want die styl naboots van die sterre (akteurs) wat hy in Amerikaanse films sien, soos Clark Gable
- Is die leier van die American-bende en dit is belangrik vir hom om goed aangetrek te wees om respek te kry van sy bendelede en mededingende bendes

Charlie:
- Kan 'n kostuum dra wat soos Mingus s'n lyk omdat hy opsien na Mingus, maar dit nie heeltemal regkry nie
- Speel die rol van Mingus se handlanger, wat die leier van die American-bende is, en sy klere mag verflenter wees want hy doen baie handearbeid, bv. die bad vir Ruth dra en altyd om Mingus se voete besig om sy skoene blink te maak

Princess:
- Kan 'n kostuum dra wat vir Mingus beïndruk want sy is Mingus se meisie en sy dra ook die kostuum om die voorbladvroue van *Drum*-tydskrif na te boots
- Kan 'n kostuum dra wat wulps en verleidelik is want sy wil die teenoorgestelde geslag uitlok
- Sy trek stylvol aan in al haar kostuumdetails want sy is 'n 'go-getter' en 'n aspirerende model wat bewus is van hoe sy lyk (6)

3.4 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip oor hoe die lewens van die inwoners verander het toe Ruth, 'n jong Joodse vrou, by hulle kom bly het.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Die inwoners se lewens verander wanneer Ruth opdaag op die volgende maniere:

- Princess se posisie in Mamariti se huis word bedreig. Sy sien Ruth as kompetisie vir Mingus se aandag en liefde en as 'n potensiële bedreiging vir haar verhouding met Mingus
- Jakes is opgewonde oor haar aankoms want sy het gereageer op sy advertensie in die *Drum*-tydskrif en dit alles 'n goeie storie maak vir die tydskrif
- Die dinamiek van die verhouding in Mamariti se huis verander omdat Ruth die katalisator is vir nuwe verhoudings om te vorm, bv. Jakes se groeiende aangetrokkenheid tot Ruth en die inspirasie wat Ruth vir Lulu is om op haar opvoeding te fokus vir 'n beter lewe
- Sy bied 'n geleentheid vir die inwoners van Mariti se Diamond Sjebeen om meer te leer van die Joodse kultuur, bv. Chanukah. Hy word ook die geleentheid gebied om te volhard in, uitdrukking te gee aan, en trots te wees op hulle eie kulturele identiteit
- Dit het die kompleksiteit en die vorm van die dinamiek binne die huis verander en het die onnatuurlike wêreld van apartheid Suid-Afrika weerspieël en die ideale wêreld van 'n beter Suid-Afrika uitgebeeld (4)

3.5.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip van die dramatiese aksie (handeling) van die finale toneel toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goeie beskrywings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
'n Opsomming van die finale toneel kan die volgende insluit:
- In die finale toneel van die toneelstuk staan die karakters geïsoleer in hulle eie kollig op die verhoog
- Hulle het elk hulle eie finale monoloog
- Elke karakter vertel hulle persoonlike ervaring van die gedwonge verskuiwings
- Soos elke karakter so monoloog eindig, doof hulle individuele kollig na donker
- Jakes vertel wat met elke karakter na die gewelddadige verskuiwings gebeur het
- Die groep sing *Izinyembezi zabantu* (trane van die mense) soos die ligte verdoof na verdonkering (4)

3.5.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise van hoe beligting en/of klank die dramatiese effek van die finale toneel versterk demonstreer.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Beligting en/of klank versterk die dramatiese effek van die finale toneel deur:
- Die kollig op individuele karakters versterk die isolasie en afsondering

- Die doof van die kolligte soos elke karakter hulle monoloë klaarmaak, beklemtoon dat hulle van die landskap van Sophiatown verdwyn het
- Die sang in die agtergrond terwyl Jakes die storie vertel, versterk die stemming van hartseer en patos van die gedwonge verskuiwings want die liedjie handel oor die trane van die mense. Dit belig ook die pyn van mense wat van mekaar geskei is (4)

3.5.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise toon van hoe die lewens van TWEE inwoners van Mamariti se Diamond Sjebeen verander het na die gedwonge verskuiwings.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed verduidelikte stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Die lewens van TWEE inwoners van Mamariti se Diamond Sjebeen het verander na die gedwonge verskuiwings op die volgende maniere bv.:
Mamariti voor die gedwonge verskuiwings:
- Sy was 'n suksesvolle sjebeeneienaar en die matriarg in haar huishouding
- Sy het onvervreembare/vrye besit eiendom in Sophiatown besit
- Het 'n inkomste verdien om haar familie te onderhou

Mamariti ná die gedwonge verskuiwings:
- Sy het haar onvervreembare eiendom in Sophiatown verloor as gevolg van die gedwonge verskuiwings
- Sy het haar sjebeen verloor en kon dus nie meer 'n inkomste genereer nie
- Is geskei van haar familie en vriende wat saam met haar gewoon het
- Sy moes trek na Meadowlands, het haar wil om te lewe, verloor en toe gesterf aan 'n gebroke hart

Charlie voor die gedwonge verskuiwings:
- Sy sekuriteit en identiteit was intrinsiek aan Mingus verbind
- Hy was gelukkig om Mingus se handlanger te wees want dit het vir hom 'n doel en identiteit gegee

Charlie ná die gedwonge verskuiwings:
- Sy skeiding van Mingus het sy lewe verwoes
- Sy doel en identiteit is verlore as gevolg van die gedwonge verskuiwings
- Hy is dood gevind in 'n omgedopte bad (wat gemak simboliseer) in die verlatenheid van Sophiatown se ruïnes (4)

3.6 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk toe te lig.

Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip, analise en evaluering van hoe die toneelstuk humor, musiek en pynlike oomblikke meng om die wrede werklikhede van apartheid te ontbloot en is 'n uitstekende voorbeeld van 'n toneelstuk wat ons politieke geskiedenis dokumenteer.

Die volgende is 'n riglyn:
Die toneelstuk meng humor, musiek en pynlike oomblikke om die wrede werklikhede van apartheid te ontbloot en dit is 'n uitstekende voorbeeld van 'n toneelstuk wat ons politieke geskiedenis dokumenteer want:
Humor:

- Snaakse oomblikke hou dikwels direk verband met apartheid, bv. Mingus, Jakes en Fahfee wat vir Ruth leer hoe om in Sophiatown te oorleef omdat hulle eintlik kompeteer vir haar aandag en die gehoor kan die gedrag snaaks vind. Ruth se 'tsotsitaal'-poging is ook komieklik want sy spreek die woorde verkeerd uit, alhoewel dit snaaks mag voorkom, lig dit hulle sosiale situasie as bendelede en 'tsotsi's' uit en laat mens bevraagteken hoekom hulle kriminele moes word om te oorleef

Musiek:

- Die toneelstuk sluit sang en dans in, wat in die storielyn ingeweef is, om die hartseer verhaal van die vernietiging van Sophiatown te vertel
- Die lewens en situasies waarvoor mense te staan kom in 'n township-huis wat aan Mamariti behoort wat die sjebeen bestuur, inkorporeer die dinamiek van die township-lewe verlewendig deur die stories en verbeelding, want die stories word uitgedruk deur sang en dans, bv. die toneel by die Ritz
- Die toneelstuk inkorporeer musiek en vermaak om 'n skerp politieke boodskap oor te dra in 'n soomlose werkswinkel-storielyn wat die verhaal van die sosio-politieke geskiedenis van ons land vertel deur te fokus op Sophiatown as 'n duidelike voorbeeld van wat gebeur het gedurende apartheid, maar ook die mense in die plekke wat vernietig is, te vier
- Die pynlike finale oomblikke van die toneelstuk word deur droewige koraalmusiek beklemtoon en bekende township-liedjies word gesing in Afrikatale. Musiek word dus gebruik om die mense se emosies in die toneelstuk te belig, bv. die toneel word afgesluit met musiek wat die stemming van verlies, seer en verwoesting definieer

Pynlike oomblikke:

- Kwessies soos die bewegingbeperkings, rassisme, armoede, bendes, ens. word alles in die stories van die lewens en die toneelstuk ingeweef, bv. Mingus wat steel as 'n werk beskou om te kan lewe, en Mamariti verskoon dit want hy dra tot die huishouding by
- Gedwonge verskuiwings het vernietiging in die lewens van Sophiatown se inwoners veroorsaak en die gebeurtenis moet nooit vergeet word nie want 'geheue/herinneringe is 'n wapen' om verandering in ons samelewing te bring en ons te herinner om nooit dieselfde foute te herhaal nie
- Die toneelstuk is 'n lewende koerant wat die sosio-politieke geskiedenis van Sophiatown dokumenteer
- Dit is dus 'n uitstekende voorbeeld van 'n toneelstuk wat ons sosio-politieke geskiedenis dokumenteer

(10)
[40]

VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

4.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip van hoekom die titel van die toneel gepas is, toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte idees/gedagtes

Die volgende is 'n riglyn:
Die titel van die toneel is gepas omdat:
- Die toneelstuk draai om Tjokkie se vermoë om in die toekoms te kan 'sien', en hy word 'n 'siener' genoem. Dit is iemand wat die toekoms kan insien en die toekoms kan voorspel
- 'n Siener kan drome en visioene hê wat waarskuwings oor toekomsgebeure kan inhou
- Jakes en Giel druk Tjokkie om te sien wat die toekoms vir hulle inhou
- Die vergete armblankes wat in die 'suburbs' woon, is 'n prominente tema van die toneelstuk
- Die titel van die toneelstuk verwys na die 'suburbs'
- Die Engelse gebruik van die woord 'suburbs' kan dui op die dialek van die arm en moontlik onopgevoede wit mense (4)

4.2 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis en begrip vir gepaste kostuums vir Jakes en Tiemie toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goedgemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Jakes:
- Omdat hy 'n motorfietsryer is, kan hy dalk 'n leerbaadjie en denimbroek met stewels as kostuum dra
- Omdat hy 'n vrouejagter is, kan sy klere stylvol en aantreklik vir die teenoorgestelde geslag wees, bv. Tiemie. Dit kan stywe broeke en hemde insluit

Tiemie:
- Omdat sy 'n jong, enkellopende vrou is, kan sy aantrek om die aandag van die teenoorgestel geslag te trek, bv. styfpassende denims en 'n ontblotende bloes
- Omdat sy 'n arm wit mens is, is haar kostuum dalk nie hoogmode nie, eerder goedkoop en nie so stylvol soos die klere van die 'dandies' nie (4)

4.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise van twee toekomsvoorspellings wat ander karakters by Tjokkie wou weet, toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goeie beskrywings

Die volgende is 'n riglyn:
Twee toekomsvoorspellings wat ander karakters by Tjokkie wou weet, sluit in:
- Tjokkie voorspel dat die grys perd die resies gaan wen
- Hy voorspel dat Pa gaan terugkom
- Hy voorspel dat Tiemie swanger is
- Hy voorspel dat Jakes nie die pa van Tiemie se baba is nie (4)

4.4 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise toon van hoe Tjokkie se vermoë om in die 'toekoms te kan insien' die storielyn van die toneelstuk affekteer.

Ken volpunte toe vir:
- Drie stellings wat goed verduidelik is OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n gids:
Tjokkie se vermoë om in die toekoms te kan insien, affekteer die storielyn van die toneelstuk op die volgende manier:
- Sy vermoë om in die toekoms te kan insien, is 'n gegewe omstandigheid. Dit is 'n katalisator wat die intrige dryf. Die veroorsaak spanning tussen sy vermoë om te kan sien en sy gebrek aan begeerte om dit te doen. Dit gaan gepaard met die spanning wat geskep word deur die druk wat ander karakters op hom plaas om sy gawe vir hulle eie gewin te gebruik
- Sy vermoë om die toekoms te voorspel, word 'n vloek soos wat die storielyn ontwikkel want sy voorspellings veroorsaak verraad, hartseer, geweld en selfs moontlik moord
- Sy gawe lei tot gevolge wat die lewens van die karakters in die toneelstuk affekteer en die uiteindelike uitkoms daarvan, bv. Jakes wil hom laat 'sien' of Tiemie swanger is, Giel wil weet wat die resultate van die perdewedren gaan wees om geld op die wenperd te sit, want hy het dringend geld nodig. Fé stel voor dat hy moet lieg oor die feit dat Jakes nie die pa is van Tiemie se ongebore kind nie. Dit beïnvloed die storielyn van die toneelstuk omdat dit spanning veroorsaak wat die storie vorentoe dryf
- Die toneel waar Tjokkie 'sien' kan beskou word as die klimaks van die toneelstuk omdat al die aksie na die oomblik lei waar hy sy visioen het
- Na sy visioen besef hy dat sy gawe Ma en Tiemie seergemaak het (Giel loop en Jakes rand Tiemie aan). Dit lei tot sy besluit om sy lewe te beëindig, wat die intrige tot 'n slotsom bring (6)

4.5.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise van die verhouding tussen Tiemie en Jakes toon

Ken volpunte toe vir:
- Een stelling wat goed verduidelik is OF
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Die verhouding tussen Tiemie en Jakes:
- Dis nie 'n gesonde langtermyn-verhouding nie, want hulle het verskillende drome en aspirasies wat bymekaar pas nie. Dit veroorsaak spanning en veroorsaak 'n bakleiery
- Dis 'n vernederende en toksiese verhouding. Jakes mishandel vir Tiemie fisies en hierdie aspek van hulle verhouding is voortgaande want Tiemie staan nie op teen die misbruik nie. Sy bly in die verhouding (2)

4.5.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise toon van die verhouding tussen Tiemie en Jakes en hoe dit tragiese gevolge het.

Ken volpunte toe vir:
- Twee stelling wat goed verduidelik is OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Die verhouding tussen Tiemie en Jakes het na tragiese gevolge omdat:
- Die verhouding gewelddadig van aard is en dit tragiese gevolge het, bv. Jakes maak Tiemie seer en daar is 'n moontlikheid dat hy haar vermoor het aan die einde van die toneelstuk
- Tiemie se gil binne die huis dui daarop dat 'n gewelddadige aksie plaasgevind het. Hierdie klank word gekontrasteer met die opgewekte liedjie 'Sugar Sugar' en dit skep 'n aangrypende en hartseer einde vir die verhouding soos wat die gehoor besef dat Tiemie beseer is
- Jakes se finale verskyning met die bloedbevlekte kansellap in sy hande en sy aggressiewe gebaar om dit in Ma se gesig te gooi, is 'n dramatiese visuele voorstelling van die 'tragiese gevolge' van die verhouding tussen Tiemie en Jakes (4)

4.6 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise toon van die effek wat die finale tragiese toneel van die toneelstuk op die gehoor kan hê.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
'n Beskrywing van die finale toneel:
- Jakes volg vir Tiemie in die huis in, wat met 'n dowwe slag gevolg word
- Giel vat sy tasse en los Ma
- Tjokkie klim onder die kar in en beëindig sy lewe

Die effek wat die finale tragiese toneel van die toneelstuk op die gehoor kan hê, kan wees dat hulle:

- Identifiseer met van die karakters omdat hulle self ouers is met dieselfde pyn as Ma wat ten minste een van haar kinders verloor het
- Aangeraak is deur die hartseer situasie van Ma wat nou potensieel alleen is sonder Giel of haar kinders
- Dat hulle standpunt sal inneem teen geslagsgebaseerde geweld as gevolg van Jakes se mishandeling
- Bewus word van die moeilike omstandighede van die suburbs en moontlik leer om hulle eie omstandighede te waardeer
- Dat selfmoord nie die antwoord op probleme is nie
- Geskok word deur die mishandeling en geweld
- Katarsis ervaar (emosionele vrylating) want ná so baie spanning in die toneel, is daar 'n resolusie, selfs al is dit 'n tragiese een (6)

4.7 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk toe te lig.

Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis, begrip, analise en evaluering toon van hoe die toneelstuk se temas 'n 'kragtige insig oor die Suid-Afrikaanse lewe toe en nou' verskaf.

Die volgende is 'n riglyn:

Die toneelstuk se temas beklemtoon 'n 'kragtige insig oor/begrip van die Suid-Afrikaanse lewe toe en nou', bv.:

Ontsnap na 'n beter lewe:

- Die karakters weier om die status quo van minderwaardigheid teenoor die 'Dandies' te aanvaar en probeer desperaat om hulleself uit hulle sosiale status te bevry en sodoende hulle lewens te verbeter. Deesdae mik baie mense daarna om hulleself te bevry daarvan om as minderwaardig beskou te word en om hulle status in die lewe te verbeter
- Tiemie kry skaam vir Ma, dis hoekom sy wil ontsnap om in die wêreld van die 'dandies in te kom. Hierdie familiedinamiek van skaamte vir jou ouers is een wat vandag nog relevant is
- Jakes wil hê Tiemie moet sy kind hê want dis sy manier om teen sy wêreld te protesteer. Hy glo Tiemie is sy kaartjie na 'n beter lewe. Hierdie kwessie van vaderskap, trou vir status of geld is vandag nog algemeen
- Die ongeregtighede van die samelewing word gewys deur Tiemie wat desperaat is aan die suburbs te ontsnap. Dit beklemtoon die tema van ontsnap na 'n beter lewe. Deesdae beveg mense steeds sosiale ongeregtighede om vry te wees daarvan
- Diskriminasie tussen verskillende sosiale klasse word getoon deur Tiemie en haar begeerte om van die hoër klas deel te wees. Ons ervaar steeds klassediskriminasie vandag

Armoede:

- Al die karakters doen wat hulle kan om aan armoede te ontsnap, bv. Giel dobbel om geld te maak. Hy forseer Tjokkie om te 'sien' wat die wenperd gaan wees, maar Tjokkie weier. Niemand wil in armoede vasgevang wees nie, toe of nou
- Tiemie protes teen Ma as 'n rolmodel vir haar want sy wil nie so arm soos Ma opeindig nie

- Tjokkie weier om sy huidige situasie te aanvaar, dis hoekom hy eindeloos aan die kar werk. Die meerderheid Suid-Afrikaners is steeds werkloos, verdien nie 'n salaris nie en is arm

Liefde:

- Tiemie verromantiseer die idee van liefde en glo dat dit haar gaan bevry van die kettings van die lewe in die suburbs. Baie jong mense verromantiseer deesdae die idee dat liefde die antwoord is op alle verhoudingsprobleme, alhoewel sosiale en ekonomiese kwessie selfs in die getroude lewe voortduur
- Dit is 'n universele tema en mense begeer en droom daarvan om liefde te vind, en liefde te ervaar

Verslawing:

- Verslawing word in die toneelstuk weerspieël deur Jakes en Ma wat te veel alkohol drink en Giel wat dobbel. In hedendaagse Suid-Afrika is kinders en tieners verslaaf aan verskillende middels, bv. alkohol, metamfetamien, ens.

Huishoudelike mishandeling en geweld:

- Huishoudelike geweld word getoon in die onstabiele verhouding tussen Jakes en Tiemie. In Suid-Afrika is daar 'n mate van bewustheid oor geweld teen vroue, kinders en ou mense, maar geweld is steeds 'n alledaagse gebeurtenis
- Die tema van verbale en fisiese mishandeling word weerspieël in die verhouding tussen Tiemie en Jakes en die gevolge van hierdie mishandeling word getoon wanneer Jakes uit die huis kom met die bloedbevlekte kansellap
- Mishandeling is deel van hulle lewens. Partykeer neig mense na die uitsluit en afknou van ander mense, veral diegene wat nie soos hulle is nie
- Geboelie/Afknouery kan rasseverwant, fisies, kultureel, sielkundig, ekonomies of sosiaal, ens. wees
- Die toneelstuk is diep menslik as 'n huishoudelike drama, asook om dramaties tragies te wees. Dit is 'n teaterervaring wat betekenisvol is vir die gedetailleerde individuele lewens van Suid-Afrikaners toe en nou

(10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994–KONTEMPORÊR

VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

5.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis van die genre van die toneelstuk demonstreer

Ken volpunte toe vir EEN korrekte antwoord.

Die genre is:
- Realisme in die Teater/ Realisme
- Realisties
- Versoenings teater (2)

5.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip van die stryd wat elke karakter in die toneelstuk ervaar, toon.

Ken volpunte toe vir:
- Een goed verduidelikde stelling vir elke karakter OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Die 'stryd' wat elke karakter het en ervaar in die toneelstuk kan insluit:
Sipho het 'n stryd met:
- Herinneringe aan sy kinderdae wat hom bitter maak, en hy veg teen woede en wrewel (hy neem hom kwalik) teen Themba
- Die konstante 'gevat' by hom (sy draadbus, sy kleurbaadjie, sy onderrig, sy vrou en sy werk)
- Die feit dat hy nie by sy werk bevorder word nie as gevolg van sy velkleur en/of ouderdom
- Onvergewensgesind want hy is kwaad en bitter oor die verhouding tussen Themba en Sindiswa, sy werkgewers wat hom nie bevorder het nie, ens.

Thando het 'n stryd met:
- Die respek wat sy vir haar Afrikakultuur en -geloofstelsel het en dit wat deur Mandisa bevraagteken en uitgedaag word
- Haar ma wat haar en haar pa gelos het sonder 'n verduideliking
- Totale gehoorsaamheid aan haar vader en die handhawing van haar eie onafhanklikheid, veral na Mandisa se aankoms

Mandisa het 'n stryd met:
- Die beperkte, patriargale omgewing van Sipho se huis want sy is 'n onafhanklike vrou uit Londen
- Om die WVK te verstaan en die waarde wat dit glo vir Suid-Afrika het omdat sy beperkte kennis van die land se geskiedenis het
- Thando se standpunt oor die WVK as 'n geleentheid vir vergifnis want sy het 'n buitestaander se perspektief wat die waarde daarin sien om misdade teen die mensdom te straf

Merkersnota: Aanvaar karakters wat nie op die verhoog verskyn nie, wat goed verduidelik word. (6)

5.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise toon van hoe die toneelstuk 'n stem en uitdrukking aan gewone Suid-Afrikaners gee.

Ken volpunte toe vir:
- Twee stellings wat goed verduidelik is OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Die toneelstuk gee 'n stem en uitdrukking aan gewone Suid-Afrikaners want:
- Die karakters in die toneelstuk verteenwoordig miljoene Suid-Afrikaners wie se stemreg gedurende apartheid ontneem is
- Dit speel af in 'n herkenbare gewone huis van gewone mense wat 'n groot gedeelte van die Suid-Afrikaanse bevolking verteenwoordig
- Dit deel die innerlike konflik van gewone mense wat gewoonlik nie uitdrukking in die openbaar vind nie
- Die gehoor kan hulleself in die karakters en hulle situasies identifiseer, bv. konflik met die familie (4)

5.4 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise van Sipho se herinneringe aan die verlede en hoe hy 'n beter toekoms vir homself voorstel, toon.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Sipho onthou die verlede en visualiseer 'n beter toekoms vir homself, kan insluit:
- Die herinnering aan sy verlede skep baie bitterheid: hy steek die waarheid van Sindiswa en Themba se verhouding van Thando en Mandisa af weg. Hy visualiseer 'n nader verhouding met Thando en Mandisa nadat hy die waarheid gedeel het
- Sy pyn van die wonde van die verlede, bv. mededinging tussen sibbe en gevoelens van minderwaardigheid hou hom bitter en hy kan nie aangaan met sy lewe nie, maar wanneer hy sy broer Themba vergewe, bereik hy genesing en vrede
- Slegs wanneer Sipho homself, die herinnering aan wat Themba by hom weggevat het, sy ouers en hulle voortrek van Themba, die apartheidstelsel en al sy verliese vergewe, is hy in staat om vorentoe te beweeg en 'n beter toekoms te visualiseer vir homself en die skep van 'n nuwe Afrika-Openbare Biblioteek in New Brighton (6)

5.5 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip, analise en toepassing van die idee hoe vryheid in *Nothing but the Truth* die kandidaat se lewe in Suid-Afrika vandag kan beïnvloed, toon.

Ken volpunte toe vir:
- Een goed gemotiveerde stellings OF
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Die kandidaat kan die volgende persoonlike antwoorde gee omdat die vraag persoonlike besinning rondom die idee van vryheid vereis, bv.:
- Vryheid is 'n komplekse tema wat deur die toneelstuk ondersoek word en dis een waarop ek op 'n persoonlike vlak kan reageer (bv. 'n tekort aan persoonlike vryheid) sowel as interpersoonlike ervaring (bv. familie-dinamiek) asook sosiale vryhede, of die gebrek daaraan, in Suid-Afrika vandag (bv. sosio-politieke, ekonomiese vryhede, ens.)
- Die Suid-Afrikaanse samelewing is onlangs bevry van die dominansie van 'n sisteem wat persoonlike vryheid en die vryheid van sekere etniese groepe beperk, ingeperk en ingekort het en baie burgers het gesukkel met hierdie nuutgevonde vryheid want die geleenthede het nie by die realiteit van die lewe gepas nie. Ek leef in die 'vryheid' van 'n post-apartheid-samelewing, maar my vryheid kan net realiseer as ek dit self aangryp, bv. ek moet die ideale reënboognasie' leef/beleef waarvoor daar geveg is, al is daar steeds diskriminasie, sonder om wraak te neem teen die onderdrukker se sienswyse wat by die ouer generasie se ingesteldheid ingeskerp is
- Sipho sê: 'That's the problem with your freedom' en dit beklemtoon die ontwikkeling van die idee binne die tema dat daar saam met vryheid, verantwoordelikheid kom. Hierdie stelling ontlok diepsinnige reaksies want selfs al is die vryheid ons s'n, is daar altyd beperkinge op die vryhede wat ons deesdae ervaar. Om my vryheid uit te leef, moet nie die vryheid van my mede-Suid-Afrikaners affekteer nie
- Persoonlike en politieke vryheid is deur die Waarheid-en-Versoenings-kommissie gevind want hierdie pynlike proses het die geleentheid vir vergifnis en die gevolglike vryheid gebied. Dit word in die storielyn van die gesin gesien en word weerspieël in die sosio-politieke konteks van die toneelstuk
- Die WVK-verhore waarna daar in die toneelstuk verwys word, die waarheid wat Sipho met Thando en Mandisa deel en die titel van die toneelstuk, dryf almal die idee dat die waarheid 'n mens sal vrymaak, daarom het die toneelstuk my lewe beïnvloed deur my te motiveer om altyd eerlik met myself en die mense om my te wees (2)

5.6.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en toepassing toon van hoe die kandidaat *Nothing but the Truth* op die vragmotor se verhoog sal kan opvoer, om 'n gepaste omgewing vir die toneelstuk te skep.

Ken volpunte toe vir:
- Drie stellings wat goed verduidelik is OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Die opvoer van *Nothing but the Truth* op die vragmotorverhoog, om 'n gepaste omgewing vir die toneelstuk te skep, kan gedoen word deur:

- 'n Realistiese voorstelling van Madalastraat, New Brighton, 'n township-huis op die verhoog. Die stel is 'n boksstel en ontwerp om in die vragmotor te pas
- 'n Sitkamer en kombuis wat met 'n afskorting geskei word
- Gemaklike stoele en 'n koffietafel waarop die urn/vaas geplaas kan word
- Boekrakke teen die vragmotormuur (moontlik vasgebout teen die muur) wat lêers, boeke en familiefoto's bevat om 'n huislike omgewing vir die Makhaya-gesin te skep
- 'n Telefoontafel met 'n telefoon links op die verhoog om oproepe te maak en te ontvang
- 'n Kombuis met 'n klein yskassie en stoof (gas kan gebruik word om bruikbaarheid te vergemaklik)
- Meubels op só 'n manier dat dit aan die vloer vasgemaak kan word en dit nie beweeg en breek wanneer die vragmotor ry nie
- 'n Mat op die vloer om die metaalagtige omgewing van die vragmotor te verbloem
- Beligting en klankeffekte om Realisme in die Teater op die vragmotor se verhoog te skep, bv. beligting om die middag-na-aand-omgewing te skep, en klankeffekte van seemeeue, telefoon wat lui, kar wat aankom, ens. want die plakkaat dui aan dat daar 'n klanksisteem op die vragmotor is (6)

5.6.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip van die uitdagings wat akteurs kan ondervind as hulle op die verhoog optree, toon.

Ken volpunte toe vir:

- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Uitdagings wat akteurs kan ervaar wanneer hulle op hierdie verhoog optree:

- Akteurs het dalk nie 'n plek af van die verhoog af om te wag nie omdat daar beperkte agterverhoogspasie is
- Akteurs is dalk nie gewoond daaraan om op 'n vragmotor se verhoog op te tree nie en moet aanpas by 'n nuwe optreeruimte sonder vleuels
- Akteurs sal dalk hulle blokkering moet aanpas, bv. ingange en uitgange
- Akteurs kan ondervind dat hulle stemme nie deur die akoestiek ondersteun word nie en hulle stemme meer as in 'n teatergebou sal moet projekteer en hulle sal moontlik ook mikrofone moet gebruik
- Die verhoog van die vragmotor mag onstabiel wees
- Die beligting mag dalk nie effektief wees gedurende die dag nie (2)

5.6.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip, analise en kreatiwiteit van die keuse van hulle slagspreuk toon.

Ken volpunte toe vir:

- 'n Gepaste slagspreuk

Die volgende is 'n riglyn:
Hulle gepaste keuse van 'n slagspreuk:

- Die volle waarheid en niks anders as die waarheid nie
- Waarheid binne-in die boks
- Ons bring die waarheid na jou toe (2)

5.6.4 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk toe te lig.

Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise oor hoekom die kandidaat almal in Suid-Afrika die geleentheid sal wil gee om 'n lewendige opvoering van *Nothing but the Truth* te kyk, toon.

Die volgende is 'n riglyn:
Die kandidaat wil almal in Suid-Afrika die geleentheid gee om 'n lewendige opvoering van *Nothing but the Truth* te kyk, gebaseer op die volgende temas:
Familie:

- Familiekwessies is die middelpunt van die intrige/storielyn. Sipho steek die moontlikheid dat Thando Themba se dogter kan wees, weg. Die gehoor kan by die misterieuse intrige van familiedinamiek ingetrek word en kan ook dalk daarby aanklank vind
- Almal kan moontlik aanklank vind by die familiekwessies, bv. ontrou (Themba se verhouding met Sindiswa), sibbe-mededinging (die vyandskap tussen Sipho en Themba as gevolg van voortrekkery) vaderskapkwessies (die moontlikheid dat Thando Themba se dogter kan wees en nie Sipho s'n nie), ouerbeheer (Sipho besluit vir Thando oor haar reisplanne Londen toe), familietradisies (die weerspreking tussen Sipho se ou tradisies en Mandisa se moderne tradisies), ens.

Die temas van die toneelstuk hanteer universele kwessies, bv.:
Waarheid en versoening:

- Die tydperk waarin die toneelstuk afspeel, sluit die Waarheids-en-Versoeningskommissie-(WVK)verhore in. Dit het universele betekenis vir die belangrikheid om die waarheid van 'n saak te vind om sodoende versoening te bekom
- Mense soek na die waarheid om te kan versoen en konflik op te los met diegene wat hulle te na gekom het, en te empatiseer met diegene wat hulle sien is vasgevang deur hulle eie waarheid te versteek, bv. Thando het geweet Sipho steek vir haar iets weg oor haar ma en kon eers heeltemal sy pyn verstaan toe Sipho haar en Mandisa die waarheid vertel het

Genesing:

- Die behoefte aan liefde, 'n beter lewe, waarheid, vernuwing en geneesde vriendskappe is 'n sentrale tema van hierdie toneelstuk, bv. Sipho word uitgebeeld as bitter in die eksposisie van die toneelstuk wanneer hy oor Themba praat
- Bitterheid word ook getoon in Sipho se reaksie toe hy nie bevorder is nie. Die genesing kon eers plaasvind toe hy al die struikelblokke in die gesig gestaar het en besef het hy moet vergewe. Ons kan almal geduld aanleer deur te kyk na Sipho se stryd om genesing te ervaar, en dit op ons eie persoonlike lewe toepas

Vergifnis:

- Die toneelstuk weerspieël Sipho se bitterheid wat uiteindelik verander in vergifnis van Themba en die vryheid wat dit vir Sipho bring. Ons kan almal aanklank vind by die dinamiek van familieverhoudinge wat verander

- Deur vergifnis word Sipho genees van ongeregtighede van die verlede. Hy is in staat om vorentoe te beweeg met sy lewe. Die vryheid wat behaal word deur vergifnis het 'n universele toepassing

Sibbe-mededinging:

- Sibbe-mededinging is steeds 'n familiedinamiek in baie families en dit kan gesien word in die verhouding tussen die twee broers, Sipho en Themba. Sipho voel dat Themba altyd sy ouers se gunstelingkind was (10)

[40]

VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

6.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis van die genre van die toneelstuk toon.

Ken volpunte toe vir EEN korrekte antwoord.

Die genre is:

- Realisme in die Teater/ Realisme
- Realisties (2)

6.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise van die stryd wat elke karakter in die toneelstuk ervaar, toon.

Ken volpunte toe vir:

- Een goed verduidelikde stelling vir elke karakter OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die 'stryd' wat elke karakter het en in die toneelstuk ervaar, kan insluit:

Johan het 'n stryd:

- Met sy verlede as 'n polisieman toe hy 'n man vermoor het
- Om 'n lewe te maak en te werk in 'n harde en gevaarlike omstandighede as 'n diamantduiker

Thami het 'n stryd:

- Dat hy nie saam sy vrou in die Oos-Kaap bly nie
- Om finansieel te oorleef as 'n bestuurder van 'n afgeleë gastehuis met min besigheid.
- Met sy drome om geld te maak maar sy planne met diamante word stopgesit deur te min fondse

Smith het 'n stryd:

- Met aanvaarding van 'n nuwe seisoen in sy lewe as 'n afgetrede besigheidsman wie se familie geëmigreer het en hom agtergelaat het
- Om doel en betekenis vir sy lewe vorentoe te vind

Merkersnota: Aanvaar karakters wat nie op die verhoog verskyn nie, wat goed verduidelik word. (6)

6.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise toon van hoe die toneelstuk 'n stem en uitdrukking aan gewone Suid-Afrikaners gee.

Ken volpunte toe vir:
- Twee stellings wat goed verduidelik is OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Die toneelstuk gee 'n stem en uitdrukking aan gewone Suid-Afrikaners want:
- Die karakters in die toneelstuk verteenwoordig 'n groep Suid-Afrikaners wat probeer oorleef en betekenis vind in 'n nuwe Suid-Afrika. Hulle gesprekke, bv. die bespreking oor nuwe entrepreneurskemas vir diamantkonsessies, kan gehore inspireer om hulle eie entrepreneursidees in ag te neem vir 'n beter lewe
- Dit is Realisme in die Teater en is daarom 'n herkenbare omgewing waarin gewone mense die lewe ervaar, dus kan die gehore aanklank vind by die stryd, kwessies en hoop wat deur die karakters op die verhoog uitgebeeld word
- Dit deel die innerlike konflik van gewone mense wat nie normaalweg uitdrukking in die publiek vind nie. Realisme in die Teater is nie net 'n spieël van die samelewing nie, maar praat namens dié wat kyk. Die gehoor kan hulself in die karakters en hulle situasies identifiseer, bv. die konflik in die gastehuis
- Baie Suid-Afrikaners kan dit moeilik vind om 'n nuwe pad in die nuwe Suid-Afrika te navigeer (pad vind) en die toneelstuk kan gehore die geleentheid gee om te kyk hoe ander hulle eie paaie uitwerk, hulle hoop, vrese en drome verwoord, bv. Thami hoop vir 'n beter lewe vir hom en sy familie (4)

6.4 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise van Johan se herinneringe oor die verlede en hoe hy 'n beter toekoms vir homself visualiseer, toon.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Johan se herinneringe aan die verlede en hoe hy 'n beter toekoms vir homself visualiseer, kan insluit:
- Hy het 'n polisieman vermoor en dra daardie skuldgevoel as 'n voorbeeld, 'n simbool van sy mense se sondes van die verlede
- Sy verlede hou hom vasgevang omdat hy alles wat bekend is, moes agterlaat en 'n nuwe lewe moes begin by Garnet Lodge
- Hy is die uitverworpe. Sy breek met die wêreld waarin hy grootgeword het, was finaal en katastrofies; hy is gebruik, verraai en verban
- Hy het geen heenkome soos Thami nie, en ook nie enigiets van sy vorige lewe om aan vas te hou soos Smith beslote is om te klou nie
- Sy verliese is naby die oppervlak, en dit dreig om hom te oorweldig
- Sy huidige situasie as diamantduiker het hom nuwe hoop vir die toekoms gegee, maar hy sukkel om die finansies te kry om sy drome te ondersteun

en dit veroorsaak innerlike konflik waar hy vasgevang is tussen sy verlede en sy toekoms deur sy huidige situasie
- Sy skema om geld te maak uit diamantmynbou is sy kaartjie na 'n beter toekoms vir homself want hy is desperaat om die lang jare van isolasie te beëindig en aanvaarding te vind (6)

6.5 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip, analise en toepassing van die idee hoe vryheid in *Groundswell* die kandidaat se lewe in Suid-Afrika vandag kan beïnvloed, toon.

Ken volpunte toe vir:
- Een goed gemotiveerde stellings OF
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Die kandidaat kan die volgende persoonlike antwoorde gee omdat die vraag persoonlike besinning/refleksie oor die idee van vryheid vereis, bv.:
- Vryheid is 'n komplekse tema wat deur die toneelstuk ondersoek word en dis een waar ek op 'n persoonlike vlak kan reageer (bv. 'n tekort aan persoonlike vryheid) asook interpersoonlike ervaringe (bv. familiedinamiek) en sosiale vryhede, of die tekort daaraan, in Suid-Afrika vandag (bv. sosio-politieke, ekonomiese vryheid) Ek kan sien dat die karakters in die toneelstuk ook in hulle omgewing vasgevang is. Garnet Lodge is geïsoleer. Ek voel soms geïsoleer en nie in staat om aan my eie persoonlike situasie te ontsnap nie. Ek word kwaad, soos Johan
- Die Suid-Afrikaanse samelewing is onlangs bevry van die dominerende sisteem wat persoonlike vryheid en die vryheid van sekere etniese groepe beperk het en baie burgers het gesukkel met die nuutgevonde vryheid, want die geleenthede het nie die realiteit van die lewe geëwenaar nie. Johan, Thami en Smith is almal baie verskillend van mekaar en tog veg hulle teen hulle eie demone. Hulle kan slegs persoonlike vryheid verkry deur hulle eie keuses. Ek leef in die 'vryheid' van 'n post-apartheid-samelewing, maar my vryheid kan net realiseer as ek dit self aangryp.
- Ek moet die ideale 'reënboognasie' uitleef, want dis is waarvoor daar baklei is, selfs al is daar steeds diskriminasie, sonder om wraak teen die onderdrukker se sienswyse te neem wat in die ouer generasie se gedagtes vasgebrand is. Op 'n manier is Johan gemanipuleer deur Smith wat hom die idee gee dat hy sy skema sal borg, maar hy stel hom teleur want in groot konflik eindig. Ek het dit al in my eie lewe ervaar waar ouers my sekere vryhede belowe het maar dit weer weggeneem het. Ek veronderstel dis die pad na volwassenheid, net soos die pad van die nuwe Suid-Afrika
- Identiteit en tuishoort lyk anders in die nuwe Suid-Afrika (2)

6.6.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en toepassing toon van hoe die kandidaat *Groundswell* op die vragmotor se verhoog sal kan opvoer om 'n gepaste omgewing vir die toneelstuk te skep.

Ken volpunte toe vir:
- Drie stellings wat goed verduidelik is OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Die uitbeeld van *Groundswell* op die vragmotor verhoog, om 'n gepaste omgewing vir die toneelstuk te skep kan gedoen word deur:
- 'n Realistiese uitbeelding van Garnet Lodge Gastehuis op die verhoog. Die stel is 'n boksstel wat ontwerp is in die vragmotor te pas. Die stel is 'n sit/eetkamer van 'n gastehuis in 'n klein diamantmynbou- en vissersdorpie aan die Weskus, naby die Namibiese grens en al die meubelkeuses moet die omgewing weerspieël
- Meubels moet op só 'n wyse vasgesit word dat dit nie val en breek wanneer die vragmotor ry nie
- Gemaklike stoele en eetkamertafels op die verhoog en moontlik 'n ontvangsarea vir die gastehuis
- Seevaartdekor (see-/skip-/dui-temas) teen die op-verhoog-vragmotormuur (moontlik teen die muur vasgemaak) dit sluit toue, skulpe, ens. in om die idee van 'n kusdorpgastehuis te skep
- 'n Mat om die metaalagtigheid van die vragmotor te verbloem
- Al die elemente van die toneelstuk moet 'n wêreld op stel skep wat die gehoor aanvaar en geloofwaardig is en waaruit die gehoor getransformeer word
- Beligting en klankeffekte om Realisme in die Teater op die vragmotorverhoog te skep, bv. beligting om die somber stemming van die toneelstuk te skep en klankeffekte van reën wat buite val, seemeeue wat roep, telefoon wat lui, kar wat arriveer, ens. want die plakkaat op die vragmotor dui daarop dat daar 'n klank- en beligtingstelsel is. (6)

6.6.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise van die uitdagings wat akteurs kan ondervind as hulle op die verhoog optree, toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Uitdagings wat akteurs kan ondervind as hulle op die verhoog optree:
- Akteurs kan dalk nie af van die verhoog af wag nie omdat daar beperkte agterverhoogspasie is
- Akteurs is dalk nie gewoond daaraan om op 'n vragmotorverhoog op te tree nie en moet aanpas by 'n nuwe optreeruimte sonder vleuels
- Akteurs sal hulle blokkering moet aanpas, bv. ingange en uitgange
- Akteurs kan vind dat hulle stemme nie ondersteun word deur die akoestiek nie en hulle stemme meer as gewoonlik in 'n teatergebou sal moet projekteer en hulle sal moontlik ook mikrofone moet gebruik
- Die verhoog van die vragmotor mag onstabiel wees
- Die beligting mag dalk nie effektief wees gedurende die dag nie (2)

6.6.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip, analise en kreatiwiteit van die keuse van hulle slagspreuk toon

Ken volpunte toe vir:
- 'n Gepaste slagspreuk

Die volgende is 'n riglyn:
Hulle gepaste keuse van 'n slagspreuk:
- Kom na Garnet Lodge Gastehuis vir 'n aand
- Wat is nuut, Suid-Afrika?
- Diamante is 'n mens se beste vriend (2)

6.6.4 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk toe te lig.

Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise toon oor hoekom die kandidaat almal in Suid-Afrika die geleentheid sal wil gee om 'n lewendige opvoering van *Groundswell* te kyk.

Die volgende is 'n riglyn:
Die kandidaat wil almal in Suid-Afrika die geleentheid wil gee om 'n lewendige opvoering van *Groundswell* te kyk gebaseer op die volgende temas:
Persoonlike stryd:
- Onder die oppervlak, weerspieël die interaksies van die karakters dat daar gevoelens en ervarings (die storms van die verlede) is wat nie gaan toelaat dat daar ooreenstemming of vrede met mekaar of hulleself gevind gaan word nie. Ons kan almal hierdie sielkundige element van ons eie persoonlike stryd om ervaringe van die verlede te hanteer, herken, wat 'n oorblyfsel van skuldgevoelens, skaamte, spyt of verwyte laat en om na die toneelstuk te kyk, kan ons uit ander mense se ervaringe leer

Politiek:
- Alhoewel die politiek en die regering van die land al vir meer as dertig jaar verander is, sien ons steeds dat wanneer sekere sensitiewe kwessies genoem word, die ou skeidings bitter naby aan die oppervlak is. Die sentrale tema van die toneelstuk is die opwelling ('groundswell') van verandering en die effek wat dit op individue en die samelewing het en dit gee gehore die geleentheid om te kyk hoe die karakters die kwessies aanpak sodat hulle (die gehoor) lesse kan leer oor hoe om die veranderinge in ons samelewing te hanteer

Behoort en Identiteit:
- Die nuwe Suid-Afrika bied 'n nuwe omgewing vir sy inwoners, baie wat dalk gedurende apartheid grootgeword het en nou volwasse is. Die drie mans se lewens is gevorm en bepaal gedurende die apartheidsera só kan baie lede van die gehoor aanklank vind by die lewendige ervarings van die akteurs op die verhoog
- Die struikelblokke van behoort en identiteit is intern, emosioneel en sielkundig. Johan is eensaam en net so geïsoleer soos die gastehuis, Thami is so ver van sy huis en Smith is deur sy familie agtergelaat. Die sielkundige Realisme van die toneelstuk wat in die temas van *Groundswell* vasgelê is,

is uiters waardevol vir enigiemand wat 'n lewendige opvoering van die toneelstuk kyk want hulle sal kan besin oor belangrike kwessies en temas wat steeds in Suid-Afrika relevant is, bv. nuwe identiteit en verhoudings met nuwe werkskollegas, ens.

- Alle mense probeer uitvind wie hulle in die nuwe Suid-Afrika is en hoe hy daarin pas. Ons almal sukkel om ons plek in die wêreld te vind; ons moet 'n sin van tuishoort hê. Dit is 'n fundamentele lewenskwaliteit

Menslikheid:

- Die mensdom ervaar hierdie daaglikse uitdagings, manipulasies en laste, ongeag of dit wetend of onwetend is, ons is daarom in staat om onsself te sien in die lewens van die karakters op die verhoog (10)

[40]

VRAAG 7: *MIS* – REZA DE WET

7.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde war kennis van die genre van die toneelstuk toon.

Ken volpunte toe vir EEN korrekte antwoord.

Die genre is:

- Magiese Realisme (2)

7.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise toon van die stryd wat elke vroulike karakter in die toneelstuk ervaar.

Ken volpunte toe vir:

- Een goed verduidelikde stelling vir elke karakter OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die 'stryd' wat elke vroulike karakter het en ervaar in die toneelstuk kan insluit:

Miem het 'n stryd:

- Met haar man wat homself onttrek het terwyl sy en Meisie mis moet verkoop om aan die lewe te bly
- Dat sy geforseer word om gehoorsaam aan haar man te wees
- Om te oorleef gedurende die depressie en die gesukkel om geld te genereer deur goiingsakke te maak

Meisie het 'n stryd:

- Om haar eie stem te vind in 'n dominerende matriargale Afrikaner Calvinistiese huis
- Om vasgevang te wees in haar lewe in 'n verlate plaashuis wat donker, kleurloos en onderdrukkend is
- Met haar verlange om te ontsnap uit die isolasie en by die sirkus aan te sluit wat 'n lewe van opgewinding, intrige en avontuur verteenwoordig

Gertie het 'n stryd met:

- Haar onderdrukking en seksuele frustrasie
- Haar eensaamheid en soeke na liefde en aanvaarding

Merkersnota: Aanvaar karakters buite die verhoog wat goed verduidelik word. (6)

7.3 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis, begrip en analise van hoe die toneelstuk 'n stem en uitdrukking gee aan gewone Suid-Afrikaners toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee stellings wat goed verduidelik is OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Die toneelstuk gee 'n stem en uitdrukking aan gewone Suid-Afrikaners want:
- Die karakters in die toneelstuk verteenwoordig die lewens van baie wat sukkel om te oorleef in 'n droewige afgeleë landskap waar eensaamheid, isolasie en swaarkry daaglikse ervaringe is. Alhoewel gehore dalk nie self die presiese omstandighede al ervaar het nie, kan hulle aanklank vind by die gevoel van isolasie, angs en benoudheid wat die oorlewingstryd bring
- Dit verskaf universele situasies van gespanne familieverhoudings en mense wat sukkel om 'n bestaan te maak en in 'n moeilike omgewing werk. Alle Suid-Afrikaners kan aanklank vind by hierdie kwessies wat in die toneelstuk hanteer word, nie net die karakters op die verhoog nie maar ook die gehoor soos hulle die lewendige teater ervaar
- Dit is 'n vertoonkas van die innerlike konflikte van gewone mense wat nie gewoonlik uitdrukking vind in die publiek nie. Dit kan 'n louterende ervaring wees vir diegene wat na die toneelstuk kyk, want hulle kan moontlik ook onderdruk wees en kan nie uiting gee aan die kwessie van mishandeling, disfunksionele families lewe en isolasie nie
- Baie Suid-Afrikaners kan dit moeilik vind om 'n nuwe pad in die nuwe Suid-Afrika te navigeer en die toneelstuk gee die gehoor die geleentheid om die buitestaander te wees en die oorsake van die moeilike omstandighede in *Mis* te identifiseer, en verandering in hulle eie lewens mee te bring (4)

7.4 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise van Meisie se herinneringe oor die verlede toon en hoe sy 'n beter toekoms vir haarself visualiseer.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stelling OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Meisie onthou die verlede en visualiseer 'n beter toekoms vir haarself wat kan insluit:
- Kinderdae voor die depressie waar die sirkusmusiek onskuld en pret verteenwoordig het. Dit kontrasteer dramaties met die onheilspellende stemming van die sirkusmusiek omdat jong meisies weggeraak het en sy droom om uit haar huidige situasie te ontsnap om vryheid en 'n beter toekoms vir haarself te vind, want sy is onderdruk deur haar beperkte binnenshuise bestaan en harde werk
- 'n Verlange na 'n lewe buite die plaashuis kry uitdrukking deur haar bewondering van die sirkus en sy is betower deur die sirkusmusiek en ligte. Haar smagting na vryheid en geluk word uitgebeeld deur haar konstante staar deur die venster
- Dat sy aan die vryheid van die sirkuslewe dink en sodoende loop sy aan die einde van die toneelstuk uit na haar toekoms wat sy glo betowerend is (4)

7.5 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip, analise, toepassing en evaluering toon van hoe die idee van vryheid in *Mis* die kandidaat se lewe in Suid-Afrika kan beïnvloed.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Die kandidaat kan die volgende persoonlike antwoorde gee omdat hierdie vraag persoonlike besinning vereis oor die idee van vryheid, bv.:
- Vryheid is 'n komplekse tema wat deur die toneelstuk ondersoek word en dis een waar ek op 'n persoonlike vlak kan reageer (bv. 'n tekort aan persoonlike vryheid) sowel as interpersoonlike ervaringe (bv. familiedinamiek) en die sosiale vryhede, of die tekort daaraan, in Suid-Afrika vandag (bv. sosio-politieke, ekonomiese vryheid) Ek kan sien dat die karakters ook vasgevang is in hulle eie omstandighede. Die plaas is verlate. Ek voel soms verlate en nie in staat om aan my persoonlike situasie te ontsnap nie. Ek voel soms soos Meisie wat moet werk soos 'n volwasse en geen genot van die jeug het nie
- Ek kan identifiseer met die familiesituasie in *Mis,* waar 'n ma haar kind moet grootmaak met 'n afwesige pa, al is my pa nie in die dak nie! Ek herken my eie ma se stryd in die struikelblokke van Miem. Dit affekteer beide my en my ma se vryheid want ons finansiële en emosionele omstandighede is moeilik en ons moet geld kry deur te doen wat ons kan, net soos Miem en Meisie wat goiingsakke moet maak.
- Ek kan empatiseer met die haglike toestand van die karakters en wens ook om vry te wees van die isolasie en beknoptheid van my situasie. Ek is nie die enigste een wat beperk is by die huis nie. My hoop en drome is ook vasgevang deur vrees want ek weet nie wat buite die vier mure van my huis skuil nie, net soos Meisie wat aangetrokke is tot die sirkus, en bang is om vermis te raak (4)

7.6.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en toepassing toon van hoe die kandidaat *Mis* sal kan opvoer op die vragmotor, om 'n gepaste omgewing vir die toneelstuk te skep.

Ken volpunte toe vir:
- Drie stellings wat goed verduidelik is OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Die uitbeeld van *Mis* op die vragmotorverhoog om 'n gepaste omgewing vir die toneelstuk te skep kan gedoen word deur:
- 'n Boksstel wat ontwerp is om in die vragmotor te pas om 'n realistiese uitbeelding van 'n afgeleë plaashuis te gee, met 'n eenvoudige kombuis, tafel en stoele waarom die aksie gaan plaasvind op die verhoog
- Min en oninteressante dekor omdat die meubels tipies sal wees van 'n plaashuis uit die era
- Die valdeur in die dak kan geskep word deur 'n vals plafon op die vragmotorverhoog te skep om die onheilspellende teenwoordigheid van Gabriel aan te dui

- Meubels vasgesit aan die vloer sodat dit nie rondbeweeg en breek wanneer die vragmotor ry nie
- 'n Ou verweerde mat op die vloer om die metaalagtigheid van die vragmotor te verbloem
- Beligting en klankeffekte in die vragmotor kan gebruik word om die Magiese Realisme van die toneelstuk te skep, bv. beligting om die somber stemming van die toneel en ook die middernaguur uit te beeld asook klankeffekte soos veraf sirkusmusiek, die wind wat huil en 'n hond wat blaf, ens. Want die plakkaat dui aan dat die vragmotor 'n klanksisteem en beligting het (6)

7.6.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise toon van die uitdagings wat akteurs kan ondervind as hulle op die verhoog optree.

Ken volpunte toe vir:
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Uitdagings wat akteurs kan ondervind as hulle op die verhoog optree:
- Akteurs kan dalk nie af van die verhoog af wag nie omdat daar beperkte agterverhoogspasie is
- Akteurs kan dalk nie gewoond wees daaraan om op 'n vragmotorverhoog op te tree nie en moet aanpas by 'n nuwe optreeruimte sonder vleuels
- Akteurs sal hulle blokkering moet aanpas, bv. ingange en uitgange
- Akteurs kan voel dat hulle stemme nie ondersteun word deur die akoestiek nie en sal meer as gewoonlik in 'n teatergebou moet projekteer hulle sal moontlik ook mikrofone moet gebruik
- Die verhoog van die vragmotor mag onstabiel wees
- Die beligting mag dalk nie effektief wees gedurende die dag nie (2)

7.6.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip, analise en kreatiwiteit van die keuse van hulle slagspreuk demonstreer

Ken volpunte toe vir:
- 'n Gepaste slagspreuk

Die volgende is 'n riglyn:
Hulle gepaste keuse van 'n slagspreuk:
- Wat word ver-Mis?
- Die sirkus is in die dorp
- Daar is 'n nuwe konstabel op die dorp (2)

7.6.4 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk toe te lig.

Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise toon oor hoekom die kandidaat almal in Suid-Afrika die geleentheid sal wil gee om 'n lewendige opvoering van *Mis* te kyk.

Die volgende is 'n riglyn:
Die kandidaat sal almal in Suid-Afrika die geleentheid wil gee om 'n lewendige opvoering van *Mis* te kyk gebaseer op die volgende temas:

Bevryding:

- Ons almal heg waarde aan persoonlike vryheid. Die toneelstuk gee die gehoor die geleentheid om begrip te hê en te empatiseer met die benarde toestand van die karakters en hulle hoop dat die karakters uit isolasie bevry en gevangenskap van hulle situasie bevry kan word, kan 'n spieëlbeeld wees van hulle eie persoonlike stryd om vryheid, bv. Meisie se begeerte om van haar familiesituasie op die plaas te ontsnap kan 'n lid van die gehoor se behoefte om persoonlik vry te wees, weerspieël
- Die gehoor kan sien dat dit moontlik is om bevry te word van reëls en regulasies, net soos die karakters in die toneelstuk hoop om bevry te word van die Calvinistiese beperkings op hulle lewens
- Konstabel bied 'n moontlike vryheid en bevryding vir die vroue uit hulle persoonlike onderdrukkende omstandighede. Die behoefte aan vryheid en bevryding van onderdrukkende omstandighede is 'n persoonlike kwessie en een met wie die gehoor as Suid-Afrikaners kan vereenselwig. Hierdie bevryding word weerspieël in die feit dat Konstabel eintlik vir Meisie gevangene neem

Misdaad:

- Daar is gevaar buite die huis. Dit is 'n scenario wat vir die gehoor bekend is want ons land het hoë misdaadsyfers
- Die wegraak van mense is 'n gebeurtenis wat deesdae gereeld gebeur in ons samelewing

Afrikaner-Calvinisme:

- Baie Afrikaners is dalk steeds onderdruk deur streng dogmatiese religieuse Calvinistiese reëls en idees. Hierdie individue kan bevry word uit hierdie onderdrukkende toestand omdat die toneelstuk moontlik 'n suiwerende ervaring kan wees vir die gehoor
- Calvinistiese Afrikaners glo dat hulle moet leef onder streng emosionele en fisiese beperkings. Die gehoor kan sien hoe hierdie situasie in die lewe van die karakters op die verhoog uitgebeeld word en kan aspekte van hulle eie lewens in die lewens van die karakters herken
- Streng dogmatiese Calvinisme het 'n vrees vir dit wat nuut, vreemd en anders as die gewone is, gevestig. Die gehoor kan besef dat ons ook in 'n samelewing leef waarin die vrees vir iets nuut en enigiets anders as waaraan ons gewoond is in Suid-Afrika en in die samelewing verander het. Hierdie erkenning kan persoonlike oplossings vir vandag se lewe voorsien (10)

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40

AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

VRAAG 8

8.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip van Arm Teater toon as 'n nuwe vorm van teater in die 20ste eeu. Die antwoord moet die vorm van notas/aantekeninge aanneem

Ken volpunte toe vir:
- Vyf goed gemotiveerde stellings OF
- Tien aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Notas oor Arm Teater as 'n nuwe vorm van teater in die 20ste eeu kan insluit:
Wat is Arm teater?
- Arm Teater in 'n teatervorm wat geskep en ontwikkel is deur Jerzy Grotowski, 'n Poolse teaterpraktisyn. Hy het geglo as teater nie kan kompeteer met film of 'Ryk Teater' nie dan moet dit 'Arm' word deur die eliminasie van onnodige elemente

Optreestyl:
- Optrede is verteenwoordigend
- Die akteur moet gestroop word van alle onnodige emosies, fisiese en sielkundige elemente wat 'n effektiewe optrede kan belemmer
- Die akteur offer hulleself op vir die voorbereiding en optrede van die Arm Teater-toneelstuk
- Intensiewe en soms martelende voorbereiding (bv. vir baie lank sonder kos te gaan/kaal uit te trek/fisiese pyn te ervaar en swaar te kry) mag 'n belangrike gedeelte van voorbereiding vir die optrede wees
- Optrede word as 'n spirituele ervaring beskou
- Mimiek, Fisieke Teater en Beweging kan gebruik word om die innerlike lewe en ervaringe van 'n karakter uit te beeld

Opvoering:
- Stelle en rekwisiete word geëlimineer om te verseker dat slegs die 'heilige akteur' die fokus vir die gehoor is
- Stel en rekwisiete is multifunksioneel
- Kostuums word tot die minimum beperk om te verseker dan die akteur se kommunikasie nie belemmer word nie en dat die akteur die instrument van kommunikasie in die spasie word
- Tegniese toestelle soos beligting en klank word ook geëlimineer om te verseker dat daar geen afleidings weg van die 'heilige akteur' is nie

Akteur-gehoor-verhouding:
- Arm Teater is gefokus daarop om die skeiding tussen die akteur en die gehoor te verwyder
- In *Dr Faustus*, sit die gehoor aan tafel waar Faustus sy finale maaltyd eet
- *Kordian* speel af in 'n inrigting en die gehoor word die inwoners
- Die gehoor word deel van die aksie en die teaterervaring
- *Spect-actor*: die gehoor is deel van die skepping/maak van betekenis
- *Para theatre*: die gehoor neem deel aan 'n fisiese transformatiewe ervaring (10)

8.2 Nasieners aanvaar kreatiewe antwoorde wat 'n gepaste titel vir 'n Teater in die Onderwys-toneelstuk toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee punte vir die titel EN
- Twee punte vir die motivering

Die volgende is 'n riglyn:
Dit kan kreatiewe antwoorde aanbied. 'n Voorbeeld van 'n onderwerp kan wees:
- Ek is 'n Afrikaner – Sy hou Afrika in haar arms
- Ek gee om vir die wêreld – sy hou die Afrika in haar arms
- Beeldskone wêreld – oor die blomme en die mooi gesiggie (4)

8.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en kreatiwiteit in die opsom van wat gebeur in die optrede toon.

Ken volpunte toe vir:
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Dit kan kreatiewe antwoorde bied. 'n Voorbeeld van 'n opsomming van wat in hulle opvoering gebeur kan inligting oor die volgende insluit:
- Storielyn
- Karakters
- Kostuums
- Idees
- Opvoering (4)

8.4 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip toon waarom dit moontlik 'n belangrike les vir graad 8- en 9-leerders kan wees.

Ken volpunte toe vir
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Dit kan kreatiewe antwoorde bied. 'n Voorbeeld van 'n les kan wees:
- Dit leer hulle om hulle land en/of die mense van die land lief te hê
- Dit leer hulle oor die belangrikheid van geluk
- Dit leer hulle om natuur lief te hê en dit te bewaar
- Dit leer hulle om die wêreld lief te hê en dit 'n pragtige plek te hou (4)

8.5 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip toon van een rekwisiet wat gebruik kan word in die toneelstuk

Ken volpunte toe vir:
- Een goed gemotiveerde stelling OF
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
'n Gepaste rekwisiet kan wees:
- Blomme as dit 'n omgewingstoneelstuk is
- Boeke as dit 'n opvoedkundige toneelstuk is
- Selfoon as dit 'n tema oor kuberboelies is
- Enigiets wat verband hou met Afrikakulture vir die 'ek is 'n Afrikaner' (2)

8.6 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise van een voordeel en een nadeel van gehoordeelname in die kandidaat se toneel toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Een voordeel van gehoordeelname kan insluit:
- Gemeenskapsbetrokkenheid en gees kan die les meer effektief (suksesvol) maak

Een nadeel van gehoordeelname kan insluit:
- Die gehoor kan belangrike oomblikke van die optrede onderbreek (4)

8.7 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analise toon van die opvoervaardighede wat benodig word om 'n Teater in die Onderwys te skep.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Hierdie antwoord kan kreatiewe antwoorde voortbring:
- Improvisasie sal help om nuwe karakters en idees te skep. Dit help die kandidaat om kreatief te dink in die oomblik
- Fisieke teatervaardighede en dinamiese beweging behou kinders se aandag, bv. om die karakters te word in die toneel
- Karakterisering help om verskillende geloofwaardige karakters te skep
- Vokale vaardighede help om die klanke en ideofone te skep om die aandag van die kinders te hou en om die verbeeldingswêreld te skep (6)

8.8 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip, analise en toepassing toon van die ervaring van hoe praktiese werk gehelp het om die toneelstuk te skep en op te voer.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Hierdie antwoord kan kreatiewe antwoorde voortbring:
- Analise van die teks, subteks, temas en gegewe omstandighede het gehelp om die toneelstuk te skep en daarin op te tree
- Woorde leer om seker te maak dat die teks reg opgevoer word
- Repetisies doen om die vaardighede, blokkering, gebruik van stem en liggaam en die spasie te oefen
- Opwarming en afkoel te doen om met fokus en konsentrasie te help, en om beserings te voorkom
- Die gebruik van die 'magiese as', superobjektief, aksie en reaksie om die karakters en optrede geloofwaardig te maak
- Die werkswinkelproses leer om die toneelstuk te skep (6)

TOTAAL AFDELING D: 40
GROOTTOTAAL: 150

BYLAE A: RUBRIEK VIR VRAAG 2, 3, 4, 5, 6, 7 en 8: 10 PUNTE

Nasieners moet opgelei word oor hoe om al ses die kognitiewe vlakke asook die vier denkprosesse te gebruik en toe te pas om die kandidaat se prestasie te meet.

Prestasievlak	Punte	Bloom se Vlak	Denkproses	Die kandidaat demonstreer die vermoë om:	Gebruik van Voorbeelde
Uitstaande	9–10	Skep	Metakognitief	Skep ’n insiggewende en goed gekontekstualiseerde antwoord. Demonstreer kritiese en reflektiewe.	Gebruik ’n wye reeks relevante en doelgerigte teoretiese, teater- of estetiese voorbeelde wat die antwoord versterk.
Verdienstelik	7–8	Evalueer	Prosedureel	Evalueer en verduidelik idees duidelik. Toon goeie interpretasie, kontekstualisering en logiese ontwikkeling van idees.	Gebruik relevante en gepaste voorbeelde om die antwoord doeltreffend te ondersteun en te verduidelik.
Gemiddeld	5–6	Analiseer	Konseptueel	Verduidelik en ontleed idees met ’n mate van begrip en organisasie. Demonstreer basiese interpretasie en kontekstualisering.	Gebruik enkele relevante voorbeelde, alhoewel dit moontlik diepte of konsekwentheid kan ontbreek.
Elementêr	4	Pas toe	Konseptueel / Feitelik	Pas basiese kennis toe en bied ’n eenvoudige antwoord met beperkte ontwikkeling.	Gee ’n paar eenvoudige voorbeelde met beperkte relevansie.
Bereik	3	Verstaan	Feitelik	Demonstreer basiese begrip deur eenvoudige feite of beskrywings. Die antwoord is voorspelbaar en beperk in omvang.	Gee minimale, onduidelike of swak voorbeelde.
Nie Bereik Nie	0–2	Onthou	Feitelik	Toon min of geen begrip van die vraag nie. Verskaf onverwante, verkeerde of gefragmenteerde inligting.	Gee geen relevante voorbeelde of bewyse nie.

BYLAE B: BLOOM SE TAKSONOMIE

Klassifiseringstelsel om verskillende vlakke van mensekennis te definieer en te onderskei

Nasieners moet opgelei word oor hoe om al ses die kognitiewe vlakke asook die vier denkvlakke te gebruik en toe te pas om kandidate se prestasie te meet.

DIE KENNIS-DIMENSIE 4 DENK-PROSES-VLAKKE	DIE KOGNITIEWEPROSES-DIMENSIE: 6 KOGNITIEWE VLAKKE					
	Onthou	**Verstaan**	**Toepassing**	**Ontleding**	**Evaluering**	**Skep**
Feitelik	Noem	Opsom	Reageer	Kies	Gaan na vir	Ontwikkel
Konseptueel	Herken	Klassifiseer	Verskaf	Onderskei	Bepaal	Stel saam
Prosedure	Herroep	Verklaar	Uitvoer	Integreer	Beoordeel	Ontwerp
Metakognitiewe	Identifiseer	Voorspel	Gebruik	Dekonstrueer	Besin	Skep

1. Onthou	
Herwin gememoriseerde inligting, kennis, feite, definisies, lyste, konvensies, neigings, reekse, klassifikasies, kategorieë, kriteria, metodologie en maniere/wyses om met spesifisiteite van die universele, abstraksiebeginsels, veralgemenings, teorieë en struktuur te hanteer	
Noem	Spesifiseer (tyd of plek) as iets gewens, voorgestel of op besluit word Om te identifiseer, spesifiseer of by naam noem
Identifiseer	Om 'n probleem, behoefte, feit, ens. te herken en te toon wat dit is en dat dit bestaan Om te bewys wie of wat iemand of iets is
Kies	Kies noukeurig, bepaal of besluit dat dit die beste of geskikste is

2. Verstaan	
Konstrueer betekenis uit verskillende tipes kennis, organiseer, vergelyk, vertaal, interpreteer en haal uit	
Verduidelik	Maak iets duidelik, maklik om te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul. Gee 'n rede om te regverdig of te verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis)
Beskryf	Om 'n gedetailleerde beskrywing van iets te gee, te vertel, te beskryf, uit te druk
Motiveer	Gee 'n rede, bied feite en argumente aan om iets te ondersteun, noem iets

3. Toepassing	
Om 'n prosedure uit te voer, te implementeer of te gebruik om 'n probleem in 'n nuwe situasie op te los of te ontwikkel deur toepassing van verworwe kennis, feite, reëls, tegnieke	
Voorstel	Lei tot, argumenteer, toon, wys, dui aan dat (iets) bestaan of die geval is Vir oorweging voorstel Om 'n idee, moontlike plan of aksie aan ander mense te noem vir oorweging Om 'n idee uit te dink/voort te bring

4. Ontleding	
Breek inligting in dele op. Bepaal hoe die dele verwant is deur identifisering, onderskeiding of organisering van elemente, verhoudings, beginsels, motiewe, doelwitte of oorsake. Maak afleidings/gevolgtrekkings en vind bewyse om veralgemenings te ondersteun.	
Reageer/Antwoord	Antwoord/Reageer in woorde
Bespreek	Skryf oor ('n onderwerp) in besonderhede, neem verskillende kwessies of idees of menings/opinies wat daarmee verband hou, in ag of oorweeg dit
Skryf	Skryf, stel saam, produseer
Ontleed	Ondersoek iets metodies en in besonderhede, tipies om te ontdek, te verduidelik en te interpreteer
Oorweeg	Dink aandagtig oor iets, tipies voordat 'n besluit geneem word of 'n oordeel/keuse gemaak word

5. Evaluering	
Om opinies/menings aan te bied en te verdedig deur oordele oor inligting, geldigheid van idees, of gehalte van werk te maak gebaseer op 'n stel kriteria en standaarde met behulp van kontrolering/nagaan en kritiek	
Evalueer	Om die betekenis/belangrikheid, waarde, doel of toestand van iets deur noukeurige waardebepaling en studie te bepaal, te beoordeel, ten einde te verstaan/begryp, te interpreteer of te lei

6. Skep	
Gebruik kreatiewe individuele insig en gedagtes om inligting te herorganiseer en saam te stel deur die ontwikkeling, beplanning en skep van 'n nuwe patroon, produk of struktuur	
Skep	Ontwikkel uit eie denke of verbeelding, as 'n kunswerk, 'n uitvinding of iets nuuts Gee aanleiding tot ontstaan/oorsprong

Kopiereg voorbehou